# SONDAGSKOOL LES: Wie is die Heilige Gees?

**Doel van les:**

- Hierdie week leer ons dat Jesus die Heilige Gees belowe het en bietjie meer oor wat die Heilige Gees doen.

**Ysbreker:**

- **Bybelvers houer:** Gee vir elke groep 'n houer, penne en blaaitjies. Elke kind kry nou kans om 'n Bybelvers neer te skryf op 'n stukkie papier wat hulle voel 'n belofte is wat hulle van God gekry het. Sodra hulle dit klaar geskryf het, kan hulle dit in die houer gooi met hulle naam op. Laat elke kind nou 'n beurt kry om een van die papiertjies uit die houer te trek (hopelik een van die ander groeplede sin) en dit hardop in die te groep lees.

Ons het verlede kwartaal bietjie meer van Jesus geleer en hierdie kwartaal gaan ons die laaste Persoon in die Drie Eenheid beter leer ken: die Heilige Gees.

In Johannes 14 vertel Jesus vir Sy dissipels dat Hy weggaan en dit het hulle baie hartseer gemaak. Dan sê Hy iets baie verassend. Hy sê vir hulle dat dit beter is as Hy weggaan. Hy maak 'n belofte dat die Trooster, die Heilige Gees kom om by hulle te wees.

**Groepwerk:**

So ek het 'n paar vragies vir julle, maar ook verse waaruit julle dalk antwoorde kan kry. Kom ons kyk wie het 'n goeie antwoord vir hierdie vrae.

- Aangesien Jesus uit die dood opgestaan het, hoekom het Hy nie net hier op aarde gebly nie? (Joh 16:7, 12-13 kan help met die antwoord)
- Hoekom het ons die Heilige Gees nodig? (Joh 14:7, Hand 1:3-5, 8 kan help met die antwoord)

Jesus sou binnekort gekruisig word, opstaan uit die dood en opvaar hemel toe. Hy was oppad om by Sy Vader te wees, maar Sy belofte aan ons was dat Hy ons nie alleen sou los soos weeskinders nie. Hy het geweet dit is beter vir ons dat Hy weggaan. Hy het belowe om die Heilige Gees te stuur Wie die Gees van Waarheid is om by ons en in ons te wees. Hy het geweet ons het die Heilige Gees nodig om alles te kan doen wat Jesus vir ons beplan.

**Groepwerk:**

Vrae wat jy dalk het oor die Heilige Gees:

- Hoe is die Heilige Gees? Wat moet ek van Hom verwag? (Psalm 139:7-10 – Hy is oral, Joh 14:16 kan help met die antwoorde)
- Wat beteken die konsep "woon in gelowiges". Is dit soos 'n "roommate"? (Hand 1:8, Rom 5:5, Gal 5:22, Efes 3:16 kan help met die antwoorde)

Die Heilige Gees kom woon in ons harte wanneer ons kies om Jesus te volg. Hy kan nie in 'n onbekeerde persoon woon nie. In die Ou Testament lees ons dat die Heilige Gees oor sekere persone gekom het en daardie persoon het dalk geprofeteer of 'n taak kon verrig wat hulle nie uit hulle eie uit sou kon nie. Nou maak Jesus egter die belofte dat die Heilige Gees in die dissipels en elke gelowige na hulle sou woon en dis 'n wondelike ding.

Sluit af in groepe met gebed.